 - 'n relevante slotopmerking (in memorandum aangedui met 'n 'bullet'), bv. in 'n antwoord met 5 hoofmomente sal daar 7 regmerkies wees.
3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie,

- verkeerde stelling

- irrelevante stelling



Blaai om asseblief

- herhaling R
- analise A√
- interpretasie I√

4. Met die eerste deurlees van die opstel word daar ook bepaal in watter mate die hoofmomente gedek is en die inhoudsvlak (op die matriks) word toegeken.

C	VLAK 3	

5. Die tweede deurlees van 'n opstel sal die vlak (op die matriks) van die aanbieding bepaal.

C	VLAK 3	
P	VLAK 1	

6. Ken 'n finale simbool en punt met behulp van die matriks toe.

C	VLAK 3	B+
P	VLAK 1	39

Die matriks

Die kriteria waarvolgens die opstel geassesseer sal word, is m.b.v. 'n matriks georden en die matriks sal gebruik word vir die toekenning van 'n simbool aan 'n opstel. Beide die inhouds- en aanbiedingsasse is in ag vaardigheidsvlakke verdeel. Elke vlak met sy kriteria wat gebruik sal word om 'n opstel te assesseer.

SENIORSERTIFIKAAT- EKSAMEN – STEL B
RIGLYNE VIR NASIEN

AANBIEDING	VLAK 1 Het ge- analiseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktu- reerde opstel.	VLAK 2 Het ge- analiseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktu- reerde opstel.	VLAK 3 Poog om te analiseer en historiese verklarings toe te pas. Goed beplande en gestruktu- reerde opstel.	VLAK 4 Poog om te analiseer en historiese verklarings toe te pas. Opstel in 'n sekere mate beplan en gestruktureerd.	VLAK 5 Analise en historiese verklarings in 'n sekere mate toegepas. Poging tot strukturering.	VLAK 6 Analise en historiese verklarings soms of glad nie maak nie. Geen duidelike struktuur nie.	VLAK 7 Geen analises en historiese verklarings nie. Geen struktuur nie. Onlogies (tot 'n sekere mate).
INHOUD							
VLAK 1 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie is ten volle relevant tot gedagterigting wat gevolg is.	A+ 47 - 50	A 43 - 46	A- 40 - 42				
VLAK 2 Vraag is beant- woord. Inhoudseleksie is relevant.	A 43 - 46	A- 40 - 42	B+ 38 - 39				
VLAK 3 Vraag tot 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant.	B+ 38 - 39	B 36 - 37	B- 35	C+ 33 - 34			
VLAK 4 Gestelde vraag is herkenbaar in antwoord. Effens onvoltooid en meestal relevant.			C+ 33 - 34	C 31 - 32	D+ 28 - 29		
VLAK 5 Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Gebreke t.o.v. omvang (soms irreleventhede).				C- 30	D 26 - 27	E+ 23 - 24	
VLAK 6 Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Inhoud skraal (soms irreleventhede).					D- 25	E 21 - 22	E- 20
VLAK 7 Vraag ontoereikend of glad nie beantwoord nie. Inhoud skraal of ontoereikend. Grootliks/ heel- temal irrelevant						E- 20	F 13 - 19 G 07 - 12 H 00 - 06

**AFDELING A
OPSTELVRAE****DIE PERIODE 1924 TOT 1948****VRAAG 1A**

Beskryf die stappe wat geneem is deur die Pakt-regering ten einde soewereine onafhanklikheid vir Suid-Afrika tussen 1926 en 1934 te bereik.

**NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE
ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE IN GEBRUIK
BY DIE BESONDERE SENTRUM**

SINOPSIS

Daar word van kandidate verwag om 'n beskrywing te gee van die stappe wat deur die Hertzog-regering geneem is in die bereiking van soewereine onafhanklikheid vir Suid-Afrika. Die bespreking behoort te fokus op die sentrale rol wat Hertzog gespeel het in die proses van konstitusionele ontwikkeling. (*kandidate moet gefokus bly in die bespreking van die vraag soewereine onafhanklikheid en nie byvoorbeeld die pakt regering se ekonomiese beleid nie*)

HOOFASPEKTE**Inleiding**

'n Kort verduideliking van Suid-Afrika se konstitusionele posisie binne die Britse Gemenebes. Hierdie verduideliking kan dien om die geleidelike ontwikkeling van Suid-Afrika se konstitusionele status tussen 1926 en 1934 te illustreer. Of enige ander toepaslike inleiding.

Uiteensetting

NB *Die kandidaat behoort die volgende in die beantwoording van die vraag in te sluit .*

- Die Rykskonferensie van 1926
- Die Balfour-verklaring
- Departement van Buitelandse Sake
- Die Westminster-statuut
- Die Statuswet
- Die Seëlswette

Samevatting

Trek lyne van die argument saam.

VRAAG 1B

Bespreek die faktore wat tot koalisie en uiteindelik samesmelting tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party in die periode 1929 tot 1934 gelei het.

**NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE
ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE IN GEBRUIK
BY DIE BESONDERE SENTRUM**

SINOPSIS

Kandidate behoort te fokus op die verskillende faktore wat tot koalisie tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party gelei het en hoe dit koalisieregering in 1934 gefasiliteer het.

HOOFASPEKTE**Inleiding**

Die politieke situasie tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party behoort in kort bespreek te word. Fokus op hoe die internasionale ekonomiese situasie bygedra het tot die verstewiging van politieke bande tussen die NP en SAP.
Of enige ander toepaslike inleiding

Uiteensetting

NB: Die volgende aspekte, wat aandui hoe koalisie en samesmelting plaasgevind het, behoort by die kandidaat se antwoord ingesluit wees:

- Die Groot Depressie van 1929 en die ekonomiese impak daarvan op Suid-Afrika. Brittanje se onttrekking aan die Goudstandaard en die geassosieerde impak op Suid-Afrika
(Die rol van Tielman Roos op die Suid-Afrikaanse politiek)
- Onderhandelings tussen Hertzog en Smuts met betrekking tot koalisie
- Die totstandkoming van die Verenigde Party

Samevatting

Trek lyne van die argument saam.

VRAAG 2A

Beskryf die vernaamste vorme van verzet teen apartheid in die periode 1948 tot 1958.

**NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE
 ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE IN GEBRUIK
 BY DIE BESONDERE SENTRUM**

SINOPSIS

Kandidate behoort klem te plaas op populêre verzet teen apartheid in die periode tussen 1948 en 1958 - vanaf die publikasie van die Program van Aksie in 1949, die implementering daarvan in die 1950's en tot die vooraand van die totstandkoming van die PAC.

HOOFASPEKTE**Inleiding**

Kandidate behoort te fokus op die kristallisering van die apartheidsbeleid en hoe dit gelei het tot groei van populêre massa-gebaseerde militantheid teen die apartheidsregime.
Of enige ander toepaslike inleiding.

Uiteensetting

NB: Daar word van kandidate verwag om na die volgende te verwys in die beantwoording van hierdie vraag:

- Program van Aksie
- Die Verzetveldtog (Defiance Campaign) – 1952
- Kongresalliansie en die Vryheidsmanifes – 1955
- Die Hoogverraadsaak – 1956
- (Die busboikotte – 1957 en ander busboikotte)
- Die anti-pasveldtog deur vroue en die opmars na die Uniegebou – 1956
- (Sommige kandidate mag verwys na ander aksie na 1958, bv. voortslepende protes teen die uitbreiding van die paswette, SACTU se pond-per-dag veldtog van 1957)

Samevatting

Trek lyne van die argument saam.

VRAAG 2B

Verduidelik hoe die *metodes* van verset teen apartheid verander het na die Sharpeville massa-moord van 1960 en hoe die staat gereageer het om weerstand te onderdruk. Gebruik voorbeelde van verset en onderdrukking in die 1960's om jou antwoord te verduidelik.

**NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE
ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE IN GEBRUIK
BY DIE BESONDERE SENTRUM**

SINOPSIS

Kandidate, in die beantwoording van hierdie vraag, behoort te fokus op waarom daar na die Sharpeville-massamoord van 1960 'n verandering was in die denke van die ANC en PAC in hul opposisie teen die apartheidsregime. In die beantwoording van hierdie vraag moe kandidate ook verwys na nuwe 'metodes' van stryd, soos gewapende verset, ens. Wat die bevrydingsbeweging gedwonge moes aanvaar in hul teenstand teen die apartheidsregering.

HOOFASPEKTE**Inleiding**

Kandidate kan daarop wys hoe die Sharpeville-massamoorde gelei het tot die aanvaarding van gewapende verset as 'n vorm van verset teen apartheid.

Of enige ander toepaslike inleiding.

Uiteensetting

NB: Die kandidaat behoort die volgende aspekte in die verduideliking van sy/ haar antwoord in te sluit:

- Sharpeville-massamoorde, Langa
- Die afkondiging van die noodtoestand
- Verbanning van die ANC en PAC
- Die totstandkoming van Umkhonto we Sizwe en POQO
- Die gewapende stryd – opblaas van elektriese kragstasies/ kraglyne, regeringsgeboue, doodmaak van daardie mense wat met die regering saamgewerk het, ens.
- Aksies van POQO
- Die Rivonia-verhoor en onderdrukking - die impak daarvan op swart versetpolitiek
- Aanhouding sonder verhoor
- Verbannings en huisarrestasies

Samevatting

Bind die lyne van die argument saam

DIE PERIODE 1976 TOT 1994

VRAAG 3A

Verduidelik die belangrike rol van werkers en hul vakbonde in die stryd teen apartheid tussen 1976 en 1985.

**NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE
ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE IN GEBRUIK
BY DIE BESONDERE SENTRUM**

SINOPSIS

Kandidate behoort te konsentreer op die rol wat deur werkers en hul vakbonde gespeel is in verzet teen die apartheidstelsel tussen 1976 en 1985. Toepaslike voorbeelde van vakbonde en hul militantheid behoort gebruik te word om redenasies te ondersteun.

HOOFASPEKTE

Inleiding

Kandidate kan die redes vir die opkoms van vakbonde en werkersmilitantheid teen apartheid kortliks bespreek.

Of enige ander toepaslike inleiding.

Inleiding

NB: Kandidate behoort te fokus op die rol wat gespeel is deur vakbonde in verzet teen apartheid en die volgende organisasies kan bespreek in die beantwoording van hierdie vraag. Arbeidsmilitantheid en aksies deur werkers moet ingesluit word in besprekings.

Die volgende is sommige van die fokusareas wat bespreek mag word:

- Die Federasie van Suid-Afrikaanse Vakbonde (FOSATU)
- Raad van Suid-Afrikaanse Vakbonde (CUSA)
- Ongeaffilieerde vakbonde, bv. die South African Allied Workers Union (SAAWU) en die GWU (General Workers Union), Nasionale Unie van Mynwerkers (NUM) 1982
- Kongres van Suid-Afrikaanse Vakbonde (COSATU)

Samevatting

Trek lyne van die argument saam.

VRAAG 3B

Beskryf die hoofkenmerke van die driekamer parlementêre stelsel en bespreek die weerstand teen die nuwe stelsel tussen 1983 en 1989.

**NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE
 ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE IN GEBRUIK
 BY DIE BESONDERE SENTRUM**

SINOPSIS

Kandidate moet 'n beskrywing van die hoofkenmerke van die driekamer-stelsel gee. Verset teen Botha se 'hervormingsstrategie' moet ook by die kandidaat se antwoord ingesluit wees.

HOOFASPEKTE**Inleiding**

Verwysing na hoe en waarom die driekamer-stelsel tot stand gekom het, bv. die Grondwet van 1983, die "slegs blankes"-referendum, ens. Kan gemaak word.
 Of enige ander toepaslike inleiding.

Uiteensetting

NB: Die kandidaat behoort klem te plaas op die volgende aspekte in 'n bespreking van die driekamer-stelsel en verset daarteen.

Kenmerke:

- Hoe die stelsel gewerk het, bv. "eie sake"-beleid
- Uitsluiting van swartes aan parlementêre deelname
- Kiesstelsel - die ingrawing van blanke oorheersing

Verset:

- Aanvanklike verset deur Kleurling- en Indiërgemeenskappe in die driekamer-verkiesings (verset van konserwatiewe blankes)
- Totstandkoming en rol van die UDF
- Massa-verset – gemeenskap, godsdienstige groepe, studente, ens.
- Rol van werkersmilitantheid, bv. COSATU ens
- Die pro-sanksies debat, disinvesterings-/ boikotaksies, ens. en die impak daarvan

Samevatting

Trek lyne van die argument saam

Kopiereg voorbehou

FINALE EINDWEERGAWE

Blaai om asseblief

**AFDELING B
 BRONGBASEERDE VRAE**

Die merk van brongebaseerde vrae

- In die merk van alle brongebaseerde vrae moet krediet toegeken word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- In die toekenning van punte moet klem geplaas word op die beantwoording van die vereistes van die betrokke vraag.
- In hierdie riglyn vir merk word die vereistes van die vraag aangedui in skuinsgedrukte skrif.

VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

4.1 AFRIKANER-NASIONALISME EN VERSET

4.1.1 [Afleiding van inligting uit bron]

- Hertzog het daarop aanspraak gemaak dat die Verdrag van Versailles onregverdig was teenoor Duitsland was.
 Hy verwys daarna as 'n 'monster'; onbillik, vernederend; verkleinering
(2x2) (4)

4.1.2 [Seleksie van inligting uit Bron]

- Engelse en Joodse kapitaliste, gematigde Afrikanerleiers en, na 1938, die SA regering
(2x1) (2)

4.1.3 [Afleiding]

- "Hierdie ekstremistiese regse groepering het gevoel dat die volk uitverkoop is deur gematigde Afrikanerleiers".
- "arm, onopgevoed en ongeskoold"
- "radikale standpunte, militantheid, ondermynend" (enige 1x2) (2)

4.1.4 [Afleiding]

- Die OB het 'n militante houding teenoor die SA oorlogspoging aanvaar en dit probeer ondermyn (Gebaseer op standpunte van Europese fascistiese bewegings) (2)

4.1.5 [Afleiding en verduideliking]

- Hy het daarvan gehou (“toon die weg na grootsheid”)
- Die OB het die Nazis ondersteun omdat Ds JD Vorster die boek geprys het deur te verklaar dat dit grootsheid wys. (2x2) (4)

4.1.6 [Afleiding en evaluering]

- Dit wil voorkom asof hy daarop sinspeel dat Malan Naziisme/ Nazi Duitsland ondersteun
- Verward, onseker (staan op swastika, kruispad) (1x3) (3)

4.1.7 [Analise en afleiding]

- a) Ds JD Vorster verklaar dat Hitler se Mein Kampf groots was (3)
- b) Die spotprenttekenaar suggereer dat Malan Nazi Duitsland ondersteun omdat Malan uitgebeeld word as om op die Swastika te staan of was onseker daarom nie ondersteun nie (3)
(23)

4.2 DISKRIMINERENDE ARBEIDSPRAKTYKE EN ARBEIDSONRUS

4.2.1 [Seleksie]

ENIGE VAN DIE VOLGENDE VIER ANTWOORDE:

- Lewensvatbare loon
- Tien shillings per dag
- Regverdige behandeling
- Ordentlike werkstoestande
- Erkennung deur die regering en Kamer van Mynwese (werkgewers)
- Die mynbase het kommunikasie/ briewe geignoreer
- Alle versoeke is verwerp of geignoreer (4)

4.2.2 [Seleksie]

(Bron 4G)

- Daar is toegeslaan op die kantore van die Swart Mynwerkersunie (AMWU) en dokumente is verwyder
- Die President van die Unie, JB Marks, is gearresteer
- 'n Komitee bestaande uit vier Ministers is tot stand gebring om met die staking te deel

(Bron 4H)

- Aksie deur die polisie (3x2) (6)

4.2.3 *[Analise en betroubaarheid]*

- Betroubaar in die sin dat daar geen drukkersfoute is nie. Die uitsprake bevat die eise van die Unie

OF

- 'n Betroubare persepsie oor gevoelens omdat die uitsprake deur lede van die Unie geskryf is

OF

- Onbetroubaar ('n geldige rede moet voorsien word) (4)

(2 punte vir betroubaar/onbetroubaar, 2 punte vir verduideliking)4.2.4 *[Evaluering]**Verskaffing van een rede voldoende*

- Ja. (1x1)
- Die koerant het die staking opgehemel as 'Die Grootste Staking in Suid-Afrika se Geskiedenis'
- "oortreding" wat in aanhalingstekens verskyn
- enige ander toepaslike antwoord uit bron
- (Sommige kandidate mag ook daarop wys dat die koerant se pro-werker gesindheid soos daarna verwys is deur ander koerante - die kapitalistiese pers) (1x2 per rede) (3)

4.2.5 *[Sintese, kommunikasie, en die skryf van 'n paragraaf]*

- Swart mynwerkers het in 1946 gestaak
- Hierdie staking is georganiseer deur die Swart Mynwerkersunie (AMWU)
- Hulle eise het ingesluit: lewensvatbare loon, 10 shillings per dag, ordentlike arbeidstoestande, regverdige behandeling van werkers, erkenning van die unie deur die regering en werkgewers
- Die regering se reaksie op die staking was om dit te onderdruk
- Uniekantore is deur die polisie deursoek en beslag is op dokumente gelê
- President van die AMWU is gearresteer (10)

VLAKKE VAN NASIEN

VLAK 1	Die kandidaat is nie in staat om inligting uit die bronne te selekteer nie of die inligting word op 'n baie basiese manier geselekteer. Inligting is net gedeeltelik gebruik om oor die onderwerp te rapporteer of kan nie 'n verslag oor die onderwerp skryf nie. 0 – 3 punte
VLAK 2	Meestal toepaslike inligting is geselekteer. Inligting uit die bronne is gebruik. 4 – 6 punte
VLAK 3	Goed toepaslike inligting is geselekteer. Inligting uit die bronne is goed gebruik om 'n gefokusde verslag te skryf. 7 - 10 punte

(27)
[50]

VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976**5.1 APARTHEID (GROEPSGEBIEDEWET EN GEDWONGE VERSKUIWINGS)****5.1.1 [Verduideliking]**

- Verpligte segregasie / skeiding van swartes en blankes/ rassediskriminasie (2)

5.1.2 [Afleiding, vergelyking en analise]

- Malan was ten gunste van segregasie en die verskuiwing van geheel bevolkings na gebiede wat aan hulle toegewys is
- Die Verenigde Party het daarop gewys dat apartheid onwerkbaar en ekonomies ontoepaslik was (2x2) (4)

5.1.3 [Afleiding]

- Die Groepsgebiedewet het die kern van apartheid gevorm omdat dit die fisiese skeiding van mense voorsien het - dit was ook brutaal wat implementering betref (3)

5.1.4 [Verduideliking]

- Mense wat hierdeur geaffekteer is, is nie toegelaat om langer in die spesifieke gebied te woon nie as die gebied nie vir bewoning aan daardie groep toegewys is nie (2)

5.1.5 [Interpretasie]

- Die Groepsgebiedewet is deur hulle verwerp en hulle het daarteen geprotesteer /toy/toyi (2)

5.1.6 [Interpretasie en vergelyking van bronne]

- In Bron 5D wil dit voorkom asof die spreker tevrede/ gelukkig is met die aksies van die polisie teen die mense van Sophiatown.
In Bron 5E is die spreker se afwysing teenoor verskuiwing vanaf Sophiatown duidelik.

OF

- Die persoon in Bron 5D was 'n waarnemer en die persoon in Bron 5E het persoonlike ervaring van gedwonge verskuiwings. Elkeen is beïnvloed deur verskillende ervarings

OF

- Die persepsie van die dominerende groep [blankes] (Bron 5E) word gekontrasteer met die persepsie van hulle [swartes] wat gelei het onder apartheid

OF

- Bron 5D is onsimpatiek/ ongevoelig/ koud teenoor die lyding in Bron 5E

(4)
(17)

5.2 APARTHEID (BELEID VAN BANTOE-ONDERWYS)

5.2.1 [Seleksie]

- Behoort aan blankes

(1)

5.2.2 [Seleksie]

- In die tuislande

(1)

5.2.3 a) [Afleiding]

- Verwoerd het verwag dat swart mense sou dien as goedkoop arbeid/ onderdaniges/ slawe

(2)

b) [Seleksie]

- Swartmense het 'n basiese vorm van onderwys ontvang
- Om Swart kind te bemagtig in terme van wat die ekonomie van hom verwag

(1x2) (2)

5.2.4 [Seleksie]

ENIGE VAN DIE VOLGENDE VIER:

- om swartes te leer dat gelykheid met blankes nie vir hulle bedoel was nie
- om swartes te leer dat daar geen plek vir hulle was nie behalwe sekere vorme van arbeid
- dat swartes nie opgeneem kon word in die blanke gemeenskap nie
- om onderwys vir swartes onder sentrale regeringsbeheer te plaas
- om swartes te leer dat hulle in die tuislande behoort en dat hulle nie deel was van die stedelike blanke wêreld nie

(4x1) (4)
(11)

5.3 AFSONDERLIKE ONTWIKKELING EN DIE TUISLANDBELEID

5.3.1 *[Interpretasie]*

- Swartes

(1)

5.3.2 *[Seleksie]*

- Transkei

(1x2) (2)

5.3.3 *[Afleiding en interpretasie]*

- Nee.
- Ofskoon Verwoerd 'n positiewe/ gunstige prentjie van die tuislande geskets het, is die wêreld deur die naakte realiteit in die gesig gestaar - verwyderd van die prentjie

(1+2) (3)

5.3.4 *[Afleiding en interpretasie]*

- Die wêreld het geweier om erkenning te gee aan die Transkei se tuislandstatus

(2)

5.3.5 *[Afleiding en interpretasie]*

- Word uitgebeeld as eilande van armoede. Die karakters wat as tuislande uitgebeeld word is verarmde individue wat uitgespoel het/ verban is na 'n klein eiland

(4)

5.3.6 *[Afleiding en interpretasie]*

- Die tuisland was 'n "grap" gewees, betekenend dat hulle nie deel van die werklikheid was nie

(2)

5.3.7 *[Analise, sintese, kommunikasie en die skryf van 'n paragraaf]*

- Verwoerd het tuislande geskep omdat hy aan die wêreld wou wys dat apartheid (tuislande) 'n werkende oplossing vir Suid-Afrika se rasseverskeidenheid was.
- In werklikheid was die toestande in die tuislande glad nie gunstig nie
- Die wêreld het besef dat tuislande niks meer as plekke vir die afsondering van swartmense was nie.
- Daarom het die wêreld geweier om erkenning aan die tuislande te gee omdat dit afgesonderde en verarmde plekke was
- Vier van die tuislande het "onafhanklikheid" ontvang
- Die tuislandstelsel het tot 'n einde gekom tydens die regering van De Klerk

(8)

VLAKE VAN NASIEN

VLAK 1	Die kandidaat is nie in staat om inligting uit die bronne te selekteer nie of die inligting word op 'n baie basiese manier geselekteer. Inligting is net gedeeltelik gebruik om oor die onderwerp te rapporteer of kan nie 'n verslag oor die onderwerp skryf nie. 0 – 2 punte
VLAK 2	Meestal toepaslike inligting is geselekteer. Inligting uit die bronne is gebruik. 3 – 5 punte
VLAK 3	Goed toepaslike inligting is geselekteer. Inligting uit die bronne is goed gebruik om 'n gefokusde verslag te skryf. 6 - 8 punte

(22)
[50]

VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

6.1 ONDERDRUKKING, 1977 - 1989

6.1.1 *[Afleiding en verduideliking]*

- Biko het ernstige beserings aan die hoof/ brein opgedoen, hongerstaking
- Biko het nie sy bewussyn herwin nie
- Oor afstand van 800 myl vervoer terwyl hy in koma was
- Laat lê op die klipvloer van 'n tronksel (2x2) (4)

6.1.2 *[Afleiding]*

- Volgens Kruger (Minister van Polisie), het Biko gesterf as gevolg van 'n hongerstaking (2)

6.1.3 *[Afleiding]*

- Hy beskuldig die Veiligheidspolisie OF Kruger as hoof van die polisie (2)

6.1.4 *[Betroubaarheid en interpretasie]*

- Dit is betroubaar omdat dit afkomstig is van Donald Woods wat ook 'n nabye vriend van Biko was

OF

- Dit is NIE betroubaar nie omdat Woods, as vriend van Biko, erg bevooroordeeld was ten gunste van laasgenoemde en gekant was teen die polisie (1x2) (2)

6.1.5 *[Interpretasie, analise en afleiding]*

- Sê hoe belangrik of onbelangrik dit is
 - In Bron B word verklaar dat Biko gesterf het a.g.v 'n hongerstaking
 - In Bron 6C word die polisie geblameer vir sy dood (2x2) (4)
- (18)**

6.1.6 *[Interpretasie, analise en afleiding] [Enige twee aanvaarbaar]*

- Bewyse uit Bronne dui aan dat Biko nie gesterf het agv 'n hongerstaking nie en die verwagting is dat hy veel eerder gesterf het weens breinskade
 - Bron 6B verklaar dat Biko hou teen die kop gehad het wat sou aandui dat hy gesterf het weens breinskade
 - In Bron 6C word die Veiligheidspolisie verantwoordelik gehou vir dood van Biko
 - Bron 6D dui die amptelike oorsake van aktiviste se dood as ontmoontlik, onbetroubaar (2x2) (4)
- (18)**

6.2 DIE WEG NA DEMOKRASIE

6.2.1 *[Seleksie]*

- Ondersteuners van Inkatha (2)

6.2.2 *[Seleksie]*

- Ontbanning van die ANC
- Die totstandkoming van 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika
- Die ANC se verbintenis daartoe om die stelsel van tuislandregering tot 'n einde te bring (6)

6.2.3 *[Seleksie]*

- Die ANC (2)

6.2.4 *[Seleksie en afleiding]*

- a) Inkatha en die polisie (2)
- b) Beide groepe (Inkatha en die polisie) het mekaar ondersteun (2)

6.2.5 *[Interpretasie, analise en deurloopenheid]*

- In 1987 was daar 'n lae geweldsvlak gewees
 - maar teen 1990 het geweld merkbaar toegeneem
- OF VERWYSINGS NA GEOGRAFIESE LIGGING VAN GEWELD (2x2) (4)

6.2.6 [Seleksie]

- KwaZulu-Natal en Transvaal (Johannesburg) (Gauteng/ Natal) (2)

6.2.7 [Sintese en interpretasie]

- Nee (2)
- 'n paar bronne kan nie genoegsaam wees omdat hulle slegs oor 'n deel van die gebeure vertel
- Enige ander toepaslike verduideliking (JA IS VERKEERD) (2)

6.2.8 [Analise, afleiding, sintese, kommunikasie en die skryf van 'n paragraaf]

- Politieke geweld het toegeneem in die aanloop tot Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing
- Duisende mense het gesterf in die laat 1980's en vroeë 1990's
- Gevegte het toegeneem tussen die ANC en Inkatha - veral in Transvaal en Natal
- Beide Inkatha en die ANC het mekaar beskuldig vir die geweld
- Die ANC het die staat beskuldig daarvan dat hy ondersteuning vir Inkatha gegee het deur die verskaffing van geld en wapens
- Stryery tussen politieke vyande (Inkatha en ANC) het gelei tot die dood van duisende mense (8)

VLAKKE VAN NASIEN

VLAK 1	Die kandidaat is nie in staat om inligting uit die bronne te selekteer nie of die inligting word op 'n baie basiese manier geselekteer. Inligting is net gedeeltelik gebruik om oor die onderwerp te rapporteer of kan nie 'n verslag oor die onderwerp skryf nie. 0 – 2 punte
VLAK 2	Meestal toepaslike inligting is geselekteer. Inligting uit die bronne is gebruik. 3 – 5 punte
VLAK 3	Goed toepaslike inligting is geselekteer. Inligting uit die bronne is goed gebruik om 'n gefokusde verslag te skryf. 6 - 8 punte

(32)

[50]

TOTAAL: 150